

### Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproducere, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- die konstruksie / daarstel van 'n argument;
- die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om so 'n argument te ondersteun; en
- die leerder se interpretasie van die vraag.

### Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.
2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir
  - 'n relevante inleiding (in memorandum aangedui met 'n 'bullet')
  - vir elke hoofmoment (in memorandum aangedui met 'n 'bullet')
  - 'n relevante slotopmerking (in memorandum aangedui met 'n 'bullet')
 

bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:  
inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik  
gekontekstualiseer nie



- verkeerde stelling

---

- irrelevante stelling

|

|

|

|

**SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN - MAART 2006**  
**RIGLYNE VIR NASIEN (MEMORANDUM)**

herhaling  
analise  
interpretasie

R  
A✓  
I✓

4. Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

I	VLAK 3	

5. Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

I	VLAK 3	
A	VLAK 1	

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

I	VLAK 3	B+
A	VLAK 1	39

### Die matriks

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in sewe vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

**SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN - MAART 2006**  
**RIGLYNE VIR NASIEN (MEMORANDUM)**

AANBIEDING INHOUD	VLAK 1 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestrukturerde opstel.	VLAK 2 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestrukturerde opstel.	VLAK 3 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestrukturerde opstel.	VLAK 4 Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	VLAK 6 Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen analyses en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
<b>VLAK 1</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A+</b> <b>47 - 50</b>	<b>A</b> <b>43 - 46</b>	<b>A-</b> <b>40 - 42</b>			<b>A:</b> <b>120 - 150</b> <b>B:</b> <b>105 - 119</b> <b>C:</b> <b>90 - 104</b> <b>D:</b> <b>75 - 89</b> <b>E:</b> <b>60 - 74</b> <b>F:</b> <b>50 - 59</b> <b>FF:</b> <b>45 - 49</b> <b>G:</b> <b>38 - 44</b> <b>GG:</b> <b>30 - 37</b> <b>H:</b> <b>0 - 29</b>	
<b>VLAK 2</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant.	<b>A</b> <b>43 - 46</b>	<b>A-</b> <b>40 - 42</b>	<b>B+</b> <b>38 - 39</b>				
<b>VLAK 3</b> Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	<b>B+</b> <b>38 - 39</b>	<b>B</b> <b>36 - 37</b>	<b>B-</b> <b>35</b>	<b>C+</b> <b>33 - 34</b>			
<b>VLAK 4</b> Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			<b>C+</b> <b>33 - 34</b>	<b>C</b> <b>31 - 32</b>	<b>D+</b> <b>28 - 29</b>		
<b>VLAK 5</b> Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevanthede).				<b>C-</b> <b>30</b>	<b>D</b> <b>26 - 27</b>	<b>E+</b> <b>23 - 24</b>	
<b>VLAK 6</b> Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevanthede).					<b>D-</b> <b>25</b>	<b>E</b> <b>21 - 22</b>	<b>E-</b> <b>20</b>
<b>VLAK 7</b> Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heeltemal irrelevant						<b>E-</b> <b>20</b>	<b>F</b> <b>13 - 19</b> <b>G</b> <b>07 - 12</b> <b>H</b> <b>00 - 06</b>

AFDELING A: OPSTELVRAE

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEK WAT BY 'n SPESifieKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESifieKE OPSTEL.**

**AFDELING A: OPSTELVRAE****VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Beskryf die rol wat deur Generaal JBM Hertzog gespeel is in die verkondiging van Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid in die periode van 1924 tot 1934.

**SINOPSIS**

Kandidate moet toon hoe Hertzog SA gelei het om soewereine onafhanklikheid in 1934 te bekom.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

Inleiding: Kandidate moet Hertzog se rol in die verkryging van SA se soewereine onafhanklikheid aandui.

**UITBREIDING**

Kandidate moet die volgende punte gebruik om hulle argumente te staaf deur Hertzog se rol daarin te beklemtoon:

- Posisie van dominiums in 1924 (wetlik was hulle ondergeskik aan Brittanje) en hy was vasberade om hierdie situasie te verander)
- Die Rykskonferensie van 1926 om duidelikheid oor die status van SA en die dominiums te kry
- Die Balfourverklaring van 1926 (definieer en verhoog die status van SA en ander dominiums)
- Die stigting van die Departement van Buitelandse Sake gee SA die geleentheid om sy onafhanklikheid te bewys
- Die Statuut van Westminster, 1931 was 'n Britse wet wat die beginsels van die Balfourverklaring vervat het
- Die Status en Seëlwette, 1934
- Samevatting: Moet hulle argumente saamvat deur die rol wat Hertzog gespeel het in die verkryging van SA se onafhanklikheid aan te dui. **[50]**

### VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Bespreek die totstandkoming van die Verenigde Party in 1934 en die redes vir die skeuring van die party in 1939.

#### SINOPSIS

Kandidate moet die redes vir die stigting en die skeuring van die Verenigde Party aandui. Klem moet geplaas word op die ekonomiese probleme wat instrumenteel was om die twee partye saam te bring.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

#### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die stigting en die skeuring van die Verenigde Party in 1939 aandui.

#### UITBREIDING

- Koalisie (faktore wat daartoe lei en die ideologiese verskille)
  - Samesmelting (redes en gevolge; vorming van splintergroepe)
  - Politieke hergroepering (koppel met persoonlikheidsverskille; Afrikaner vs Engelse)
  - Die gevolge van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (neutraliteit vs deelname)
  - Die skeuring van die Verenigde Party
- 
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te dui wat die redes was vir die stigting en die skeuring van die Verenigde Party. [50]

## VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beskryf die verskillende vorme van verset wat deur die bevrydingsorganisasies gevolg is in die stryd teen die apartheidregering vanaf 1948 tot 1958.

### SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die verskillende vorme van versetveldtogte wat onderneem is om die mag van apartheid tussen 1948 en 1958 uit te daag.

### HOOFASPEKTE

Inleiding: Daar moet gefokus word op hoe die passiewe weerstandveldtog die mag van apartheid verswak het.

### UITBREIDING

LW: Daar word van die kandidaat verwag om na die volgende in die aanbieding van sy/haar argument te verwys:

- Die Program van Aksie
- Die Versetveldtog
- Die Vryheidsmanifes
- Die Hoogverraadsaak
- Die Vrouebeweging
- Kandidate kan ook verwys na ander kleiner veldtogte en aksies wat nie hier genoem word nie, bv. die busboikotte, anti-pasveldtog, ens.
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur te beklemtoon dat die passiewe weerstandveldtog die apartheid-regering verswak het. **[50]**

## VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Verduidelik die interne en eksterne stryd wat gevoer is tussen 1960 (Sharpeville) en 1976 (Soweto) en bygedra het tot die val van apartheid.

### SINOPSIS

Die kandidate moet verduidelik hoe die interne en eksterne stryd tot die ondergang van apartheid geleei het. Die eksterne magte sluit in die gewapende weerstand en die interne stryd sluit in die politieke organisasies en die studente-opstande binne die land.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

### HOOFASPEKTE

- Inleiding - Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui of die interne of eksterne gebeurtenisse 'n hoofrol in die vernietiging van apartheid gespeel het

### UITBREIDING

- ANC weerstandstaktieke voor 1958 en die stigting van die PAC
- Sharpeville (1960) en die gevolge/nasleep
- Verbanning van weerstandsbewegings en aanhouding
- Die stigting van *Umkhonto we Sizwe* en POQO
- Liliesleaf Farm en die Rivonia Trial
- Die Algemene Regswysigingswet
- The African Resistance Movement (ARM), die Swartbewussynsbeweging (Black Consciousness Movement (BCM), die South African Students' Organisation (SASO), Corobrick staking, ens.
- Soweto, 1976
- Die Wet op Oproerige Byeenkomste (Riotous Assemblies Act), verdere verbannings; nog 'n Noodtoestand
- Samevatting: Moet die argument saamvat en aandui hoe die eksterne en interne stryd geleei het tot die val van apartheid.

[50]

### VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Verduidelik hoe groterwordende magte, beide binne en buite Suid-Afrika in die periode 1983 tot 1989 die driekamerparlement op sy knieë gedwing het (laat ineenstort).

#### SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om die onderdrukingsmaatreëls en die weerstand teen apartheid asook die rol deur internasionale sanksies tussen 1983 en 1989 gespeel, te skets.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

#### HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die interne en internasionale weerstand teen Botha se regering beklemtoon.

#### UITBREIDING

- Onderdrukking en hervorming (1983 grondwet)
- Weerstand – (rollende massa-aksie ('rolling mass action'); die stigting en die rol van die UDF in weerstand teen hervorming)
- Weerstand – (rol van ander organisasies, bv. National Forum, AZAPO, BCM, 'township'-/gemeenskaps-/godsdiestige organisasies, ens. in weerstand teen hervorming).
- Die instel van die Noodtoestand (redes en reaksie)
- Die opkoms van MDM - 1985
- Internasionale druk (impak van sanksies soos militêr, sport, en kulturele boikotte deur die internasionale gemeenskap)
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat en toon hoe interne weerstand en internasionale druk die driekamerparlement op sy knieë gebring het (laat ineenstort). [50]

**VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Bespreek die proses van onderhandelinge onder verskillende politieke organisasies tussen 1990 en 1994, wat gelei het tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika.

**SINOPSIS**

Die kandidate moet bespreek hoe die proses van onderhandelinge onder verskillende politieke organisasies gelei het tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika. Fokus moet geplaas word op die ontbanning EN vrylating van politieke gevangenes wat die weg gebaan het vir onderhandelinge.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

Inleiding: Dit moet die belangrikheid van onderhandelinge in die verkryging van demokrasie in 1994 aandui.

**UITBREIDING**

*(By elk van die volgende punte moet kandidate die rol van politieke organisasies in die waarborg van SA se vryheid in 1994 beklemtoon.)*

- Die besluit ten gunste van onderhandelinge tussen die hoofrolspelers (regering en ANC) – kort oorsig
- Die rol van verskillende persoonlikhede, bv. FW de Klerk, Nelson Mandela, Cyril Ramaphosa, Roelf Meyer, ens.
- Die rol van verskillende gebeurtenisse, bv. Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II, die ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite, ens.
- Versterking van onderhandelinge, kompromieë en toewyding
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 (vlag en nasionale volkslied simboliseer trou aan nuwe demokrasie)
- Mandela word eerste president van demokratiese SA
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te toon hoe die onderhandelingsproses tot 'n demokratiese SA in 1994 gelei het. [50]

## AFDELING B: BRONGBASEERDE VRAE

**DIE NASIEN VAN BRONGBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongbaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

**VLAKKE VAN BRONGBASEERDE VRAAGSTELLING**

<b>VLAK 1 (V 1)</b>	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
<b>VLAK 2 (V 2)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 3 (V 3)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 4 (V 4)</b>	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948****4.1 HOE HET DIE AFRIKANE ('AFRICANS'), KLEURLINGE EN INDIËRS NIERASSIGHED IN DIE 1940's BESKOU?**4.1.1 (a) *[Uittreksel ut bewyse in Bron 4A – L1]*

- Trek net swart elite
- 'n Organisasie van ou mense wat nie direkte konfrontasie met die regering wil hê nie
- Het nie jong mense aangetrek nie
- Geglo in onderhandelingspolitiek

(4 x 1)

(b) *[Afleiding en interpretasie van Bron 4A - L3]*

- Tloome het gevoel dat nie-rassigheid net kapitaliste baat (blankes)
- Dit was 'n front om swart ekonomiese ontwikkeling te beperk

(2 x 2)

4.1.2 (a) *[Interpretasie van Bron 4B- L3]*

- Beide het elemente van diskriminasie
- Afrikaniste het nie-Afrikane verwerp en aan die ander kant het apartheid Afrikane verwerp (onder andere)
- Die filosofieë van apartheid en Afrikanisme was anti-kommunisties

(2 x 2)

(b) *[Uittreksel uit bewyse uit Bron 4B - L1]*

- Hy het geglo dat swart en wit moes saamwerk
- Hulle moet saam die land se rykdom geniet
- Saamwerk sou in haat onder die mense eindig

(3 x 1)

(c) *[Uittreksel uit bewyse uit Bron 4B - L1]*

- Kommuniste was bereid om nierassigheid en fascisme te beveg
- Kommuniste het die ANC se beleid gerespekteer
- Kommuniste het ANC in die vryheistryd gehelp

(3 x 1)

4.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C - L3]*

- Sy het gevoel dat die NIK elitisties is
- Die ouer garde het net na hulle eie belang omgesien (konserwatiewe tradisionele en kapitaliste)
- Die ouer garde was bang om saam met die ander onderdruktes (Afrikane) te werk
- Hulle was bang vir die regering

(enige 3 x 2)

## 4.1.4 (a) [Uittreksel uit bewyse uit Bron 4D - L1]

- Wou hulle vakbond regstreer
- Wou in staat wees om met hulle base te ooreen te kom (2 x 1)

## (b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 4D - L3]

- Dit het die mag van die werkereenheid geïllustreer
- Werkereenheid het die segregasiebeleid uitgedaag
- Werkers het ras nie as 'n kriterium vir leierskap gesien nie maar eerder gekyk na die gehalte van die leierskap
- Die regering se behandeling van leiers was dieselfde ongeag kleur (3 x 2)

## (c) [Interpretasie van bewyse uit Bron 4D - L3]

- Kleurlinge het by hul Afrika-leiers gestaan
- Die werkerseenheid (Afrikane en Kleurlinge) was sterker as die regering se segregasiebeleid
- As gevolg van aanhoudende protes deur Kleurlingewerkers – is die Afrika-leier uit tronk vrygelaat. (3 x 2)

## 4.1.5 [Interpretasie, ontleiding en sintetisering van bewyse uit al die bronne - L4]

Wanneer die vraag beantwoord word, moet kandidate fokus op die volgende punte om hulle argument te ondersteun:

- Swart mense (Afrikane, Kleurlinge en Indiërs) was teen rasse-eksklusiwiteit
- Hulle het samewerking met die Kommuniste en Marxiste teen rassisme en segregasie voorgestaan
- Hulle het werkerseenheid ongeag kleur voorgestaan
- Hulle was begaan oor die gevolge/euwels van kapitalisme en die impak daarvan
- Hulle het geveg vir die sosiale opheffing van die gewone mense
- Enige ander relevante punt

**SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN - MAART 2006**  
**RIGLYNE VIR NASIEN (MEMORANDUM)**

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie</li> <li>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen</li> <li>• of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>0 – 4 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	<b>5 – 8 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf</li> <li>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>9 – 12 punte</b>

(12)  
[50]

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976****5.1 WAS DIE ‘CONGRESS OF THE PEOPLE’ DIE EERSTE DEMOKRATIESE ‘PARLEMENT’ VAN DIE MENSE?****5.1.1 a) [Uittreksel uit bewyse uit Bron 5A - L 1]**

- Almal kan stem
  - Vryheid van spraak
  - Beter huise
  - Gelyke werk vir gelyke salarisse
- (4 x 1)

**b) [Interpretasie van Bron 5B - L 3]**

- Die foto was nuttig want dit toon die eise wat mense in SA gehad het vanaf basiese behoeftes tot menseregte
  - Dit toon dat die Vryheidsmanifes op die eise van die mense gebaseer was
- (2 x 2)

**c) [Interpretasie van Bron 5A - L 2]**

- Hulle het gesing en het vertrou dat hulle eise deur die regering aangehoor sou word
  - Hulle het gevoel dat hulle saamstaan teen die apartheidwette
  - Hulle was in ‘n uitdagende bui
- (2 x 2)

**5.1.2 a) [Vergelykings van Bronne 5A en 5B L4]**

- In beide bronne sing die afgevaardigdes
- (2 x 1)

**b) [Uittreksel van bewyse uit Bron 5B - L 1]**

- Die Kongresafgevaardigdes het gesing
  - ANC-lede speel musiek met ‘n kitaar
  - Winnie Mandela, Lillian Ngoyi, Albertina Sisulu lever items
- (3 x 1)

**5.1.3 a) [Uittreksel van bewyse uit Bron 5C - L 1]**

- Gert Sibande is na Evaton verban
  - Hy word vir twee jaar verban
  - Hy was ‘n spreker en het besluit om sy verbanning te verbreek
  - Hy besluit om ‘n vermomming te dra sodat die veiligheidspolisie hom nie sou herken nie
- (2 x 1)

**b) [Uittreksel van bewyse uit Bron 5C -L 1]**

- Die kommandeur het besef daar sou chaos en anargie wees
  - Gert Sibande was ‘n magtige en gerespekteerde leier
  - Die mense sou nie toelaat dat die veiligheidspolisie hom arresteer nie
  - Anders as ander prominente ANC leieres (bv. Mandela en Luthuli) wat aan die verbanningsbevele voldoen het – het Sibande dit getrotseer en die Kongres bygewoon
- (enige 2 x 2)

c) *[Uittreksel van bewyse uit Bron 5C -L2]*

- Die prosedure om een item na die ander te endosseer was 'n konsulterende proses
- Die konsep is bespreek en aangeneem deur middel van stemming (2 x 1)

5.1.4 a) *[Interpretasie van Bron 5D - L 2]*

- Die ANC wou aan die regering wys dat hulle nie rasse-eksklusiviteit voorgestaan het nie
- Die ANC het met alle mense en partye wat 'n gesamentlike doel gehad het, 'n eenheid gevorm
- Die verwydering van onderdrukking in SA (2 x 2 )

b) *[Uittreksel van inligting uit Bron 5D - L 1]*

- Hulle het voorgegee dat hulle op pad was na 'n troue
- Andere het alternatiewe roetes gevolg (2 x 1)

c) *[Uittreksel van inligting uit Bron 5D - L 1]*

- Die polisie het voorsitter Beyleveld genader
- Hy is deur die polisie beveel om die menigte in te lig dat hulle ondersoek sou word
- Die polisie het pasboeke nagegaan en baniere en plakkate verwijder
- Aantekeninge is van die toesprake geneem
- Alle blanke afgevaardigdes is gefotografeer (3 x 1)

d) *[Interpretasie van Bron 5D - L 4]*

- Omdat die regering nie die gelyke deel van grond tussen blank en swart aanvaar het nie
- Die regering het die apartheidbeleid nagejaag (2 x 2)

e) *[Kies van relevante inligting uit Bron 5D -L]*

- Grond moet gedeel word
- Daar moet werk en veiligheid wees
- Daar moet huise wees
- Daar moet veiligheid en gerief wees (enige 2 x 1)

**5.1.5 [ Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse uit al die bronne - L4]**

In die beantwoording van hierdie vraag, moet kandidate fokus op die volgende punte:

- Alle rasse is uitgenooi - Kliptown
- Afgevaardigdes het eise saamgebring
- Menseregte en basiese behoeftes van alle Suid-Afrikaners is behandel
- Alle afgevaardigdes is die geleentheid gegee om insette te lewer
- Die konsultasieproses is gebruik om die Vryheidsmanifes op te stel
- Dit was demokrasie in aksie vir die afgevaardigdes
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie</li> <li>• of onttrek bewyse uit bronre op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen</li> <li>• of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>0 – 3 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronre wat meestal relevant is</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronre op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	<b>4 – 6 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronre</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronre baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf</li> <li>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>7 – 10 punte</b>

(10)  
[50]

**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994****6.1 WAT WAS DIE AANVANKLIKE STANDPUNTE VAN DIE POLITIEKE LEIERS OOR 'N ONDERHANDELDE SKIKKING VIR SUID-AFRIKA TUSSEN 1990 AND 1992?****6.1.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – L 2]**

- Die bevryding van die Afrikaner was nie-onderhandelbaar
- Die onderhandelingsproses kon eers begin nadat die bevryding bereik is
- Afrikaner moes uit 'n posisie van mag onderhandel
- Alexander was seker dat onderhandelinge nie 'n oplossing was nie en dat dit sou misluk

(4 x 1)

**6.1.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – L 2]**

- Zeph Mothopeng het dit duidelik gestel dat onderhandelinge sou plaasvind na bevryding
- Benny Alexander het gesê dat die PAC se posisie deur die media verdraai voorgestel is
- Benny Alexander het die regering vir die verdraaiing geblameer
- Die Nasionale Party-regering sou met die standpunte in die media saamstem

(3 x 2)

**6.1.3 (a) [Interpretasie en vergelyking van bewyse uit Bron 6B – L 3]**

- Nie-rassige demokrasie is vry van rasvooroordeel terwyl 'n krygerstaat aanhoudend in 'n toestand van oorlog verkeer om, onder ander, hulle rassistiese beleide te verdedig.
- Basiese menseregte word in 'n nierassige staat aan voldoen terwyl in 'n krygerstaat die land homself nie as deel van die Afrika-kontinent beskou nie

(2 x 3)

**b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 6B - L2]**

- Treurnicht wou nie met swart leiers van die onlangs ontbande politieke partye onderhandel nie
- Treurnicht se standpunt van 'n wit tuisland sou onprakties wees
- Owen het gehoop dat alle Suid-Afrikaners aan die onderhandelingsproses sou deelneem

(3 x 2)

**c) [Interpretasie van bewyse uit Bron 6B – L 2]**

- Hulle was in die regering en hoopvol
- Dat die onderhandelinge sou afhang van hulle (die blankes) se goedkeuring
- Hulle het gedink dat hulle die voorwaardes van die onderhandelingsproses kon dikteer

(enige 2 x 2)

## d) [Vergelyking van bewyse in Bron 6B - L3]

- Treurnicht was bereid om met tuislandleiers te onderhandel terwyl Hartzenberg nie die nodigheid van onderhandelings ingesien het nie
- Treurnicht het aanvaar dat apartheid in sy huidige vorm sou moes verander terwyl Hartzenberg apartheid (die Verwoerdiaanse model) wou behou (4 x 2)

## 6.1.4 a) [Interpretasie van bewyse uit Bron Source 6C – L 2]

- Die spotprenttekenaar beeld hierdie leiers in kohorte/bendes uit (werk saam) teen die onderhandelde skikking (Mandela en De Klerk)
- Hulle sweer saam teen die proses van demokratiese onderhandelinge
- Hulle het hulle eie planne vir SA ontwikkel en opgetrek (wou die tuislanstelsel behou)
- Destabiliseer die onderhandelingsproses (3 x 2)

## b) [Interpretasie en vergelyking van bewyse uit Bron 6C - L3]

- Die onderhandelinge tussen Mandela en De Klerk word as vreedsaam en gelyk voorgestel
- Die onderhandelinge tussen Treurnicht en die Bantustan leiers word as probleemagtig uitgebeeld
- Enige ander relevante punt (1 x 2)

## 6.1.5 [Haal bewyse uit beide bronne en maak komplekse interpretasies om 'n paragraaf te skryf – L 4]

Die kandidate moet toon hoe die volgende organisasies en leiers hulle standpunte moet verander

- PAC - hulle deelname sal die hand van die onderdruktes versterk
- Treurnicht – wou die tuislandstelsel laat voortbestaan
- Tuislansleiers wou in beheer van hulle tuislande bly
- Hartzenberg – het Verwoerd se apartheidsideologie voorgestaan

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie</li> <li>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen</li> <li>• of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>0 – 2 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	<b>3 – 5 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf</li> <li>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>6 – 8 punte</b>

(8)

[50]

**TOTAL: 150**